

Sondag 22 Maart 2020

Gebed

Here, in 'n tyd van onsekerheid en vrees hou ons vas aan U, ons liefdevolle God. Christus is ons Vredevors en Leidsman, en die Heilige Gees ons Trooster. U kom naby aan ons in hierdie tyd. Here, gee vir ons die kalmte van gees om die dinge wat ons nie kan verander nie te aanvaar, die moed om te verander wat ons wel kan, en die wysheid en insig om tussen die twee te kan onderskei. Ons behoort aan U. U genade is vir ons genoeg. Amen.

Teks: 2 Korintiërs 1:2-11

Tema: Geloofsankers in 'n ongekende tyd

Oordenking:

Ons leef in 'n ongekende tyd. Die Covid-19-pandemie skep vir ons elkeen ongekende beperkinge, uitdagings, maar ook geleenthede. Ons is soos 'n seiljag, wat vasgevang is in onbekende weerpatrone. Vir sommiges is die waters nog stil, tog het almal reeds die waarskuwings ontvang, en maak ons gereed vir 'n onbekende en uitdagende paar maande. Ons word in hierdie ongekende tyd genooi om terug te keer na bekende wysheid; na die God "wat in elke omstandigheid moed gee," soos Paulus skryf. Hoe moet ons leef in hierdie tyd? Wat sal ons anker?

- **Ons moet leef asof ons reeds die Corona-virus het.**

Nie net moet ons ons beste doen om al die voorsorgmaatreëls na te kom nie, maar ons moet ook leef met sorg vir ons naaste. Elkeen is deel van die liggaam van Christus.

- **Ons moet leef met 'n vars uitdrukking van Kerk-wees.**

Miskien gee hierdie tyd vir ons ook ongekende uitnodigings om ons gewone geloofsgewoontes nuut te bedink; om op kreatiewe maniere terug te keur na wat werklik saak maak, juis "sodat ons nie op onself vertrou nie, maar op God" (vs. 9).

- **Ons moet leef met die uitnodiging van Lydenstyd**

Lydenstyd is juis 'n tyd van opnuut ontdek wat dit beteken om te vertrou op God; om afhanklik van God te leef deur te laat gaan van 'n klomp dinge. Maar lydenstyd is ook 'n tyd wat ons voorberei vir Paasfees, en waaraan ons nader beweeg aan 'n God wat lyding ken. Christus ken ons pyn, en nooi ons saam op die reis na Jerusalem.

- **Ons moet leef soos mense wat weet waarop ons ons Hoop kan vestig**

Ons almal het hierdie week die trekkrag van vrees ervaar. Daar is in hierdie tyd baie pogings om sin te maak van die virus, en daarom is daar baie vals inligting wat versprei word en ongesonde interpretasies van die Bybel wat soek om verklarings te bied. Laat ons verantwoordelik omgaan met die evangelie in hierdie tyd deur juis ons hoop te vestig op die God van liefde – dít sal ons hoop bring!

Gespreksvrae:

- Gebruik gerus die Lydenstyd materiaal wat opgestel is vir die gemeente (beskikbaar by die kerkkantoor, of by carol@parke.co.za). Daar sal riglyne vind hoe om saam of op jou eie 'n teks te lees.
- Ander moontlike vrae wat jy self oor kan nadink of met jou naastes bespreek:
 - Wat maak jou veral bang of angstig in hierdie tyd?
 - Wat beteken dit vir jou op nie op jouself te vertrou nie, maar op God?
 - Hoe wil jy graag iemand anders bemoedig of ondersteun in hierdie tyd?

Voorbidding:

- Stuur gerus 'n epos aan carol@parke.co.za om die weeklikse gebedsversoeke te ontvang.
- Bid vir verpleegpersoneel en dokters wat siek persone versorg, en vir elkeen wat geraak word deur die Corona-virus.